afrikaans.com

7 Augustus 2017

Dalweide Primêr vier hul moedertaal saam met Afrikaans.com

“Afrikaans.com vier die diversiteit en uniekheid van Afrikaans. Die feit dat Afrikaans in elke provinsie anders klink, is juis die lekker van Afrikaans…” Dit was die woorde van René Arendse, projekkoördineerder van Afrikaans.com in die Wes-Kaap, tydens die opwindende muurskildery-onthulling op Vrydag, 4 Augustus by Dalweida Primêr in die Paarl.

In vennootskap met Kuier-tydskrif het Afrikaans.com die leerders van Dalweide Primêr geïnspireer om trots te wees op hul skool, gemeenskap en veral hul moedertaal Afrikaans. Die muurskilderyprojek se doel is om kinders te laat besef dat lees en stories wêrelde kan open. Mev. Ernusta Maralack van Kuier het beklemtoon dat lees en skryf belangrik is vir leerders om hul drome te vervul.

HemelBesem het leerders herinner dat Afrikaans “cool” is. Op die vraag wat hulle sal onthou wanneer hulle die muurskildery sien, het die leerders gesê: ” ... dat elke suksesstorie met ‘n droom begin ...”

Met ‘n skoolhoof soos mnr Chris Bam en natuurlik sy dinamiese bestuurspan, voorsien ons by Afrikaans.com groot suksesstories en vervulde drome vorentoe by die skool!

Wat behels die muurkunsprojek by die laerskole?

Die Afrikaans.com-span gaan een muur by elk van die deelnemende laerskole verf en die veldtog met foto’s en videomateriaal op sosiale media aktiveer. By laerskole woeker die muurkuns met woorde wat lees en verbeelding aanmoedig en word leerders aangemoedig om Afrikaans met passie en oorgawe te geniet en te gebruik.

einde

Vriendelike groete

Annelie van Jaarsveldt
Redaksie

afrikaans.com

avjhome@mweb.co.za | 082 785 9158

Vir meer oor die muurprojek of vir ’n onderhoud, stuur 'n e-pos aan ons projekkoördineerder, René Arendse: rene.smartbusiness@gmail.com

Vir meer inligting of navrae oor Afrikaans.com, stuur ‘n e-pos aan:

Ingrid Erlank

Redakteur: Afrikaans.com

E-pos: ingrid@afrikaans.com

Vir die media:

Hier kan jy moeiteloos materiaal aflaai wat jy mag nodig kry om lekker saam te gesels oor die Veldtog vir Afrikaans.

Klik hier vir nuusvrystellings, foto's, video's, klankopnames, grafika en kommunikasie oor die projek, die veldtog en www.afrikaans.com.

Skakel: http://www.afrikaans.com/vir-die-media

Gebruikersnaam: mediavennoot

Wagwoord: Afrimedia01